Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 9, Nr 3, 1979. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# Boekbesprekings / Book Reviews

(Oorlogsdagboek van Jan F. E. Celliers (1899-1902). Versorg deur A. G. Oberholster, MA. Uitgegee, as Bronnepublikasie Nr 7, deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Prys R10,00 (AVB uitgesluit).)

Die digter, Jan F. E. Celliers, is in Suid-Afrika geen onbekende nie. As prosaskrywer is hy agter gans onbekend. Om hierdie rede was dit dan ook met 'n gevoel van afwagting wat hierdie publikasie van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing ter hande geneem was.

Wat opval in die Oorlogsdagboek is die ooreenkoms tussen die Anglo-Boereoorlog en die huidige stryd waarin Suid-Akrika gewikkel is: lang vervelige dae waarop niks plaasvind nie — 'n oorlog van wag. In hierdie situasie, by 'n relatief onaktiewe kommando, bevind Celliers hom. Hy 'n opgeleide landmeter wat direk voor die uitbreek van die oorlog as 'n bibliotekaris in Pretoria werk. Hy is dus bewus daarvan dat hy by die ongemak van kommandolewe sal moet aanpas. Hy skryf dan ook die volgende (p 131):

> *'In de dagen van weelde en rust sluimeren onze beste vermogens; en indien wij in die dagen geen tijd maken om met de grootste geesten uit alle tijden omgang te houden, zal ook onze geesdrift voor al wat beginsel heet . . . ongemerkt eenen doodslaap ingaan, en de dag van gevaar en beproeving vindt ons slap, onverschillig, onvoorbereid . . . '.*

Iemand wat die boek lees en die digter daarin soek, sal nie teleurgesteld wees nie. Celliers se fyn waarnemingsvermoë, sy keurige woordgebruik, noop 'n mens om in talle gedeeltes die embrio van sy latere gedigte raak te sien. Sy diep gevoel vir sy huisgesin en die feit dat die oorlog dit ontwrig het, kom duidelik in die Oorlogsdagboek uit soos dit immers ook in sy gedigte weerspieël word. Tog temper hy sy omstandigheid deur telkens na die ander sy ook te kyk (p 260):

> *'Deze dubbelheid in onze natuur!: aan den eene kant een eindloos, nameloos verlangen naar het einde van al deze moeilijkheden, naar een terugkeer na ons vroeger leven en tot de onzen — aan den anderen kant, een gevoel, tusschenbeide, als hadden wij behoefte in juichen uit te breken dewijl de oorlog ons in staat stel levenservaringen op te doen die ons anders nooit voorgediend zouden geworden zijn . . . '.*

Hierdie Oorlogsdagboek het ook vir die militaris waarde. Die redes waarom sekere dinge in die huidige militêre opset gedoen word, vind in hierdie boek motivering. So wys Celliers daarop dat hy ontberings en vermoeiing beter kan verduur as andere omdat hy homself voor die oorlog liggaamlik fiks gehou het. Hy wys op die gevare verbonde aan verveeldheid. Hy wys op die waarde wat leesstof vir hom het en hoe dit bydra om die swaarkry makliker te maak. Hy laat klem val op persoonlike higiëne; op die Boere se improvisasievermoë; op hulle bereidwilligheid om vir hulleself te sorg nadat die logistiek in duie gestort het.

Die *Oorlogsdagboek van Jan F. E. Celliers,* is 'n puik bronnepublikasie. Die teks is keurig versorg, die geskiedkundige aantekeninge is gepas en dra veel tot die leeswaarde van die boek by. Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing — en mnr Oberholster in besonder — verdien die dank vir 'n besondere bydrae tot die Suid-Afrikaanse kultuurskatte.

**(W. Otto)**